# DIE SKIETLOOD

211e Uitgawe 17 Februarie 2023
saam met Koersvas 211

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto


## DIE DORDTSE LEERREËLS

### Hoofstuk 5: Die volharding van die Heiliges

**Teks 10.** Hierdie sekerheid spruit dus nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God wat Hy in sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het; uit die getuienis van die Heilige Gees: Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, mede-erfgename van Christus (Romeine 8:16,17), en, laastens, uit die ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke. As die uitverkorenes van God in hierdie wêreld nie hierdie vaste troos het dat hulle die oorwinning sal behou en hierdie onfeilbare pand van die ewige heerlikheid sou besit nie, dan sou hulle die ellendigste van al die mense wees. *Ac proinde hæc certitudo non est ex peculiari quadam revelatione præter aut extra verbum facta, sed ex fide promissionum Dei, quas in verbo suo copiosissime in nostrum solatium revelavit: ex testimonio Spiritus Sancti testantis cum spiritu nostro nos esse Dei filios et hæredes. Rom. viii. 16. Denique ex serio et sancto bonæ conscientiæ et bonorum operum studio. Atque hoc solido obtinendæ victoriæ solatio, et infallibili æternæ gloriæ arrha, si in hoc mundo electi Dei destituerentur, omnium hominum essent miserrimi.*

### Verklarende kommentaar

Waar kom geloofsekerheid vandaan? Die Armeniaanse teoloë het gestel dat die sekerheid gevind kan word in 'n eie oortuiging, of spesiale openbaring of innerlike gevoel. Hulle het met ander woorde die oortuiging van gelowiges in die mens en sy geloof gesetel. Hulle het beweer dat die mens geen waarborg kan vind ten opsigte van volharding in die geloof anders as in 'n spesiale openbaring nie. Dit ontneem die kerk en gelowiges van 'n objektiewe sekerheid en standaard wat konstant is. Geloofsekerheid word volgens hulle deur God aan die mens gegee anders as deur die Woord en prediking.

Daarteenoor kom die opstellers van die Dordtse leerreëls nou met die aandrang op die genoegsaamheid van die Skrif ook in hierdie opsig. Die mens se sekerheid dat hy in geloof sal kan volhard, is iets wat die mens leer uit die Bybel. Die Heilige Gees maak die Skrif vir die mens oop en so kan die mens weet dat God getrou is en die mens in hierdie salige toestand van redding sal vashou. In God se getrouheid, soos betuig in die Skrif, is die mens se sekerheid van geloof geanker. Die Here gebruik ook die Skrif om die mens konstant te herinner aan Sy getrouheid en sorg. Die Here werk deur die Heilige Gees in ons om die Bybel reg te verstaan en in die Woord van God ons sekerheid te vind. Die Heilige Gees lei ons daartoe om die Bybel reg te verstaan en daarom te besef dat ons kinders van God is. As kinders is ons ook erfgename van God.

Ons sekerheid van geloof lei ons ook daartoe om ons eie handelinge te ondersoek. In ons strewe tot die goeie

doen en ons pogings tot goeie dade vind ons die werking van die Gees. Ons sien met ander woorde in onsself die kenmerke van mense in wie God aan die werk is. Die Bybel vertel ons hoe om te lewe en verseker ons daarvan dat hierdie kenmerke ons herinner aan die feit dat ons God se kinders is.

God het die goeie werk in ons begin en sal aan die einde van tyd hierdie goeie werk voleindig. Dit is God se onveranderlike Liefde wat maak dat ons daarop kan staat maak dat Sy sorg en hulp nooit sal verander of verminder nie. Die konstante van ons saligheid kan net in God terug gevind word.

Deur onsself daagliks te toets, vind ons soms daaglikse oorwinnings wat ons herinner dat ons in die toekoms ook kan wen.

**Teks 11**. Voorts getuig die Skrif dat die gelowiges in hierdie lewe teen verskillende sondige vertwyfelings stry en, as hulle in ernstige versoekings kom, nie altyd hierdie volle geloofsvertroue en hierdie sekerheid van die volharding ondervind nie. Maar God, die Vader van alle vertroosting, laat nie toe dat hulle bo hulle kragte versoek word nie, maar gee saam met die versoeking ook die uitkoms (1 Korintiërs 10:13), en deur die Heilige Gees maak Hy steeds weer die sekerheid van die volharding in hulle wakker. *Interim testatur Scriptura fideles in hac vita cum variis carnis dubitationibus conflictari, et in gravi tentatione constitutos hanc fidei plerophoriam, ac perseverantiæ certitudinem, non semper sentire. Verum Deus, Pater omnis consolationis, supra vires tentari eos non sinit, sed cum tentatione præstat evasionem. 1 Cor. x. 13. Ac per Spiritum Sanctum perseverantiæ certitudinem in iisdem rursum excitat.*

**Verklarende kommentaar**

Ons leer uit die Skrif dat die Here die waarborg van ons volharding is. Dit is nie al wat die Bybel ons leer nie. Ons moet die volheid van die boodskap ondersoek.

Net soos die gelowige se getrouheid en lewe nie perfek is in hierdie bedeling nie, net so is ook die geloofsekerheid nie altyd perfek sigbaar nie. Markus 9:24 " *En dadelik roep die vader van die kind met trane uit en sê: Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp*!" Sonde maak dat gelowiges nie altyd hierdie waarborg van getrouheid voel nie. Juis dit is al klaar rede om nie op menslike gevoel staat te maak nie. Terwyl ons in hierdie bedeling is, sal ons steeds die ou natuur behou. Dit is eers in die nuwe bedeling dat dood en sonde finaal afgesterf sal wees. Hier struikel ons gereeld en selfs in die Bybel lees ons van mense wat in vertwyfeling geval het. Uit die Bybel word dit verder duidelik dat God te midde van die vertwyfeling getrou bly. Dit is veral tydens verbete aanslae en versoekings van binne of buite dat die mens in twyfel verval. Die sekerheid dat God ons vashou word nie altyd gevoel nie. Hierdie versekering van God se getrouheid is nie net 'n moontlikheid nie, dit is 'n werklikheid waaraan ons kan vashou ten spyte van ons gevoelens.

God bly getrou en sal nie toelaat dat ons bo ons vermoë getoets word nie. In elke konteks en situasie gee God krag en wys Hy die rigting na uitkoms aan. Bo alles werk God voortdurend deur Sy Heilige Gees in ons om ons te verseker van die volharding in geloof. Ten spyte van menslike gevoel en oortuiging, is die waarborg van volharding geleë in God se getrouheid.

**Teks 12**. Dit is egter totaal onmoontlik dat hierdie sekerheid van die volharding die ware gelowiges hoogmoedige en sorglose mense sou maak. Inteendeel, dit is 'n ware wortel waaruit die nederigheid, die kinderlike vrees, die ware vroomheid, die volharding in alle stryd, die vurige gebede, die standvastigheid onder die kruis, die standvastigheid in die belydenis van die waarheid en die standvastigheid van 'n blywende vreugde in God spruit. Ook is die oordenking van hierdie weldaad vir hulle 'n aansporing tot ernstige en aanhoudende beoefening van dankbaarheid en goeie werke, soos uit die getuienisse van die Skrif en die voorbeelde van die heiliges blyk. *Tantum autem abest, ut hæc perseverantiæ certitudo vere fideles superbos, et carnaliter securos reddat, ut e contrario humilitatis, filialis reverentiæ!, veræ pietatis, patientia; in omni lucta, precum ardentium, constantiæ in cruce et veritatis confessione, solidique in Deo gaudii vera sit radix: et consideratio istius beneficii sit stimulus ad serium et continuum gratitudinis et bonorum operum exercitium, ut ex Scripturæ testimoniis et sanctorum exemplis constat.*

**Verklarende kommentaar**

Die mens is 'n unieke wese. Hy het die vermoë om te kan dink, logies te dink. Soms gebeur dit dat die mens dan so dink dat dit logies klink, maar van die werklikheid verwyder is. Nie alle denke is suiwer of opbouend nie. Die aanhangers van Arminius sou kon beweer dat sodanige geloofsekerheid soos hier bo vermeld, die mens kan lei tot 'n argelose bestaan wat nie rekening hou met die roeping van die gelowige nie. Hulle beweer dat 'n vals gevoel van veiligheid kan maak dat gelowiges hulle heilige lewens agterweë kan laat, kan ophou bid en selfs die sonde najaag.

Teenoor hierdie mistasting, stel die Dordtse leerreëls nou dat die teendeel waar is en dat die sekerheid wat God gee, 'n besonder opbouende reaksie by gelowiges ontlok. "*Dit is <u>egter totaal onmoontlik</u> dat hierdie sekerheid van die volharding die ware gelowiges hoogmoedige en sorglose mense sou maak*." Die teendeel is waar. Die gelowiges word deur die getrouheid van God geïnspireer om in toewyding te lewe. Sekere voorbeelde van geloofstoewyding word dan aangedui.

Uit dankbaarheid vir God se weldade wil gelowiges in dankbaarheid God gelukkig maak met hulle optredes. Sekere dankbare ingesteldhede en optredes van gelowiges volg op die sekerheid van getrouheid te wete "*nederigheid, die kinderlike vrees, die ware vroomheid, die volharding in alle stryd, die vurige gebede, die standvastigheid onder die kruis, die standvastigheid in die belydenis van die waarheid en die standvastigheid van 'n blywende vreugde in God.*" Die sekerheid van volharding wat in God gevind word, dien as diepste oorsaak vir die optredes so pas genoem.

- nederigheid, - die mens wat besef dat God alles is, kan nie anders as om nederig in erkentlikheid teenoor God en God se genade te lewe nie.
- die kinderlike vrees, - kinderlike vrees behels geen angs nie (daar is mense wat ten onregte kinderlike vrees gelyk stel aan angs), dit is 'n diepe bewustheid van eie broosheid en daarmee saam 'n erkenning van geborge bestaan by die een wat beskerm.
- die ware vroomheid, - skynheiligheid is 'n kenmerk van iemand wat volgens twee stelle reëls lewe, wat 'n front

voorhou teenoor toeskouers ten opsigte van die beginsels wat daardie mens se optredes dryf.

- die volharding in alle stryd, - om te volhard impliseer dat die mens nie ophou nie. In hierdie geval is dit die mens wat weet dat sy krag en uithouvermoë van God kom, en dan in alle omstandighede nie terug deins vir die stryd wat dit impliseer nie.
- die vurige gebede, - volharding in gebed impliseer telkens ernstige, persoonlike gesprekke met God. Gebede is vurig omdat dit gaan om ewige lewe en ewige dood.
- die standvastigheid onder die kruis, - die lewe is geen piekniek nie. Onder moeilike omstandighede bly gelowiges vasstaan omdat hulle op God vertrou.
- die standvastigheid in die belydenis van die waarheid en - die waarheid van God se genade en die sekerheid in Sy getrouheid maak dat gelowiges dit alles telkens bely teenoor God en medemens. Dit is veral die gemeenskap wat telkens die waarheid van God se liefde en ontferming moet hoor.
- die standvastigheid van 'n blywende vreugde in God. - dit is moontlik om selfs te midde van groot verlies en pyn, steeds vas te staan in die vreugde wat gepaard gaan met die ewige geskenk wat God in liefde gee. Die wete van die ewige heerlikheid is juis 'n onuitputlike bron van vreugde, selfs in die allerdiepste ellende van hierdie tydelike bestaan.

Hierdie wete dat God Sy groot geskenk aan Sy kinders bemaak het, is iets wat gelowiges altyd in hulle hart en denke dra. Dit bring gelowiges by volhoudende pogings tot 'n lewe van dankbaarheid wat gekenmerk word deur goeie dade en gehoorsaamheid aan God se Wet